PROVINCIAL CONTROLLING BODY FOR TRIATHLON, DUATHLON & AQUATHLON
AFFILIATED TO TRIATHLON SOUTH AFRICA & FSSC

NOTULE VAN FREE STATE TRIATHLON ALGEMENE JAAR VERGADERING gehou te Maselspoort 1 Oktober 2016

Geen kworum teenwoordig nie. Verdaag vir 15 minute waarna die vergadering voortgaan.

1. **Opening en verwelkoming /Opening and welcome**
   Christa heet die paar welkom wat teenwoordig is en bedank hulle vir hulle tyd.
   Jan Wahl open met gebed

2. **Presensielys /Attendance register**
   Die presensieys word gesirkuleer sodat almal kan teken (aangeheg)

3. **Lees van Kennisgewing van vergadering/ Reading of notice of the meeting**
   Die kennisgewing word aanvaar.
   Voorsteller: S du Toit; Sekondant: A Vermaas

4. **Verskonings / Apologies**
   J Badenhorst
   S Roestoff
   D Meiring
   A Botha

5. **Notule van vorige vergadering/Minutes of the previous meeting**
   Die notule word aanvaar as ‘n ware weergawe van die vergadering.
   Voorsteller: S du ‘Toit, sekondant A Vermaas

6. **Sake voortspruitend uit die vorige notule/Matters arising from minutes**
   6.1 Lotto: Dit is op die webwerf geplaas soos gevra.
   6.2 Debietkaart: Dit is sover nog nie gedoen nie.
   6.3 Puntestelsel soos deur Adri voorgestel is nog nie geimplimenteer nie.

7. **Finansiële verslag/Financial report**
   Die finansiële verslag is reeds op Donderdag 29 Augustus op die webwerf geplaas sodat almal dit kon bestudeer.

Stefan het ‘n vraag oor die 2 bankrekeninge. Dit word verduidelik dat dit agv van Lotto vereistes is.
Ons vra dan ook indien iemand n vraag het om dit skriftelik te epos en ‘n volledig antwoord sal terug ge-epos word.
J Herbst noem dan ook dat ons maar stadig aan Lotto gelde spandeer omrede ons reeds baie toerusting het en aangekoop het. Stefan stel voor dat ons per epos vir atlete vra wat hulle dink ons benodig om die sport te bevorder.
Besluit: Die finansiële state (aangeheg) word aanvaar.
Voorsteller: A Vermaas aanvaar; Sekondant: S du Toit

8. **Voorsittersverslag/Chairpersons report**
   Die voorsittersverslag is reeds beskikbaar op die webwerf vir almal se insae.
   Christa sonder ‘n paar aspekte uit en bedank veral die komitee en Wilna vir hulle harde werk deur jaar.
   (Aangeheg)
   Besluit: Die voorsittersverslag word aanvaar.
   Voosteller: J Wahl; Sekondant: J Herbst.

9. **Bespreking van mosies waarvoor kennis gegee is/ Discussion of motion of which was given notice**
   Geen mosies is ontvang nie.

10. **Registrasiegelde 2017 -2018/ Registration fees 2017-2018**
    Christa verduidelik hoe die registrasiegelde verdeel word tussen TSA en FST.
    Besluit: Vir die 2018 seisoen moet ‘n 10% verhoging op FST se gedeelte gevoeg word saam met die TSA gedeelte:
    Bv.: Huidige gelde vir 2017 is: Seniors FST R200 en TSA R200.
    Vir 2018: Seniors FST R220 plus TSA gelde. Die TSA gelde word eers by TSA se AGM in November vasgestel.
    Voorsteller: A Vermaas; Sekondant: J Wahl.

11. **Affiliasgelde 2017 -2018/ Affiliation fees 2017 – 2018**
    Besluit: Die bestuur moet die affiliasiegelde vir 2017-2018 by hulle 1ste vergadering bespreek en per epos deurgee na atlete, klubs en skole.

12. **Bevestiging van stemreg/Confirmation of voting rights**
    Staan oor.

13. **Verkiesing van komitee/Selection of committee**
    Aangesien die termyne eers volgende jaar verstryk is daar geen verkiesing tydens hierdie AGM nie.

14. Algemeen/General

14.1 **Ko-optering van lede tot komitee**

Omdat dit nie verkiesingsjaar is nie en FST wel addisionele werkers benodig word die volgende persone tot die komitee geko-opteer:

14.1.1 Gerhard Potgieter

14.1.2 Jan Wahl

14.1.3 Delmar Meiring

14.2 **Hulp by byeenkomste**

Adri Vermaas bespreek die volgende: Hy voel dat ouers en seniors atlete regtig hulle hulp kan aanbied deur ook by die byeenkomste betrokke te raak met die opstel en hantering van die byeenkoms. Hy voel dat elke ouer by minstens 2 byeenkomste moet werk en senior atlete by 1, daar sal n lys beskikbaar gestel word, waar ouers hulle name kan inksryf en ook teken dat hulle wel gewerk het.

Stefan noem dat mens dan hierdeur ook nuwe ouers en atlete kan trek, indien bestaande atlete dan iemand saambring om te kom help en so aan die sport bekend gestel word.

14.3 **Voorgestelde Junior Challenge.**

Adri bespreek die Junior challenge wat FST vir junior atlete wil aanbied en dat hy reeds met ‘n moontlike borg in verbinding getree het.

‘n Datum en plek moet nou vasgestel word.

(Aangeheg)

15. Afsluiting/Closure

Geen verdere punte en vergadering verdaag 08:45.

Christa Roestoff

Mrs C. Roestoff

Chair: FST

triathlon south africa